

PAK DIT WEG

Maak vir jouself 'n hele stel naaldwerksakke om elke ding op sy plek te hou. Daar is die staansak met skouerhangervoetjies, 'n sak vir breipenne, 'n werksmandjie en selfs sakkies vir die naaldwerkskêre

DIE STAANSAK

Hierdie handige naaldwerksak is ongeveer 30,48 cm hoog (dit staan op skouerhangerpootjies) en 38 cm lank. Dit is ruim genoeg om wol en halfvolttoeide breiwerk en naaldwerk te hou en aan weerskante is daar 'n sak vir patrone, ensovoorts.

BENODIGDHEDE: 60 cm bedrukte materiaal 122 cm breed vir buitekant van sak; 60 cm bypassende effekleurige materiaal 91 cm breed vir voering; drie 38,1-cm-tappenne elk 1,2 cm dik; 4 houtskouerhangers; ses koperskroewe van 3,2 cm (nr. 8) en dop-wasters; metrieke grafiekpapier.

Let Wel: Stik alle materiaal dele met regte kante opmekaar aan mekaar vas en laat 1 cm toe vir nate, tensy anders vermeld.

AANWYSINGS: Knip uit bedrukte materiaal 'n reghoek van 60 x 90 cm en twee stroke vir handvatsels elk 22 x 6 cm. Knip voering uit effekleurige stof, 60 x 61 cm.

Knip uit elke stuk materiaal twee sakdele (patroon op diagram 1). Pars reguit rand bo by elke sakdeel na verkeerde kant om soos op diagram 1 met 'n stippel-en-streeplyn aangedui. Vou rafelrand om en soom.

Stik bedrukte en effekleurige reghoeke elk by een kort kant aanmekaar. Speld, ryg en stik nou twee sakdele aan een lang rand van aanmekaargestikte materiaalstrook vas (diagram 2) en plaas bedrukte sak in bedrukte kant en effekleurige sak in effekleurige kant.

Stik oorblywende twee sakdele aan teenoorgestelde kant van hierdie strook op dieselfde manier vas (diagram 3).

Vou rafelrande met 'n enkelsoompie om, behalwe lang rand van voering en soom (diagram 3).

Dop bedrukte deel met regte kant na buite om en skuif dan effekleurige voering in middel in (diagram 4).

Druk soomrande na binne (nie na sakke toe nie) speld hulle vas en stik dan sakkante aanmekaar, maar nie boonste, gesoomde rande nie. Jy het nou 'n ten volle gevoerde sak sonder dat enige nate of some gesien kan word.

Vou gesoomde, bedrukte rand oor rafelrand van voering (diagram 5) en stik teenaan soom se rand. Stik nog ry stiksel parallel aan en 5 cm weg van eerste ry om 'n huls vir tappenne te vorm. Stik nog so 'n huls aan ander kant van sak (diagram 5).

Vou elke handvatseelstrook oorlangs dubbel met regte kante opmekaar en stik 1 cm

vanaf lang rafelrande vas. Dop om na regte kant, vou punte in en werk 'n handvatseel aan elke kant van sak vas.

DIE RAAMWERK: Verwyder hakies van skouerhangers. Boor dan 'n 4,5-mm-skroefgaatjie deur hanger, 2,5 cm weg van een punt af en 'n soortgelyke gaatjie 12,7 cm van teenoorgestelde kant af (albei in middel van breedte).

Saag twee 38,1-cm-tappenne vir boonste stafies en saag onderste stafie dieselfde lengte minus dikte van hanger. Boor 'n 3-mm-skroefdraadgaatjie in middel van elke punt van tappenne.

Heg elke boonste stafie tussen twee skouerhangers vas met wasters en skroewe deur gaatjies naby een punt van elke hanger en in stafiepunte gestee.

Plaas twee dele van raam opmekaar sodat hangers kruis en oorblywende gaatjies in hangers ooreenstem. Heg onderste stafie vas met wasters en skroewe deur hierdie gaatjies gestee en vasgeskroef.

Om sak vas te heg, verwyder skroewe by een punt van boonste stafies, skuif elke stafie deur 'n huls en plaas skroewe en wasters terug.

BREIPENSAK

'n Praktiese houder vir al jou brei- en hekelpenne en selfs ander tierlantyntjies. Die houder is ongeveer 40,6 cm lank, word van gekwiltte stof gemaak en word met 'n ritssluitertoegegrits. (Ons verdiedelik hoe om die materiaal self te kwilt, maar dis soveel makliker om klaar gekwiltte materiaal te gebruik.)


BENODIGDHEDE: 40 cm bedrukte materiaal, 91 cm breed en dieselfde hoeveelheid effekleurige stof vir voering asook liggewig-Terylene-watte, 'n 30-cm-ritssluitertoe.

DEURSTIKWERK: Plaas watter tussen verkeerde kante van effekleurige en bedrukte materiaal. Speld rondom kante vas. Begin in die middel en werk uitwaarts en speld en ryg die drie lae met diagonale parallellyne op mekaar vas (diagram 6) en laat stikselrye ongeveer 5 cm uitmekaar gespaasieer wees of volg bedrukte patroonlyne indien dit geskik is. Speld en ryg soortgelyke lyne reghoekig met eerste om 'n diamantpatroon vir kwiltwerk te vorm. Stik oor kwiltlyne.

Knip nou uit hierdie deurgestikte materiaal 'n stuk van 38 x 42 cm en twee sirkels met 'n deursnee van 12 cm.

Laat 2 cm toe vir naat en stik lang kante van reghoek aan mekaar vas. Pars naat oop. Plaas nou regte kant van ritssluitertoegegrits op verkeerde kant van naat en speld en werk met die hand vas. Trek middelste deel van naat versigtig los sodat ritssluitertoegegrits kant van materiaal nou ontbloot is.

Met verkeerde kant na buite en ritssluitertoegegrits oop, werk een sirkel aan elke rafelrand van gekwiltte buis vas (diagram 7). Knip reg rondom sirkel in om te verhoed dat fyn plooiities vorm. Knip naat netjies gelyk en werk netjies oorhands om. Dop sak na regte kant om.



IN 'N SAK

deur HENRIETTE LOUW

WERKSMANDJIE

'n Ou mandjie wat eers vir inkopies gebruik was, kan in 'n pragtige werksmandjie omskep word. Die mandjie word netjies gevoer en 'n deksel word van dieselfde stof gemaak.

BENODIGDHEDE: Ongeveer 50 cm bedrukte materiaal, 122 cm breed (afhangende van grootte van mandjie); bypassende skuinsband; 'n stukkie baie stywe tussenvoering.

OM DIE MANDJIE TE VOER:

Knip vir ingeplooide voering 'n strook wat lank genoeg is om $1\frac{1}{2}$ keer rondom binnekant van mandjie te pas en so breed soos hoogte van mandjie is plus 3 cm. Teken fatsoen van basis van mandjie op papier na en knip uit vir 'n patroon. Knip materiaal volgens dié patroon uit, maar voeg reg rondom 2 cm by.

Stik kort kante van voeringstrook aan mekaar en stik met sterk garing 'n ry rygplooitjies reg rondom na aan elk van oorblywende twee rafelrande (breek garing kort-kort af en begin weer om die inplooiwerk te vergemaklik). Plooi al langs een rand in totdat materiaal rondom basis pas en speld, ryg en stik ingeplooide strook aan basis vas en laat 2 cm toe vir nate (diagram 8).

Knip 'n lengte skuinsband af om rondom bokant van mandjie aan binnekant te pas. Plooi ander rafelrand van voering in om skuinsband te pas en stik dit dan aan mekaar vas (diagram 8) en laat 1 cm toe vir naat. Vou skuinsband na verkeerde kant om (diagram 8) en plaas dan voering binne-in mandjie en werk skuinsband bo aan mandjie vas. Bring garing rondom speke sodat voering in posisie bly.


DIE DEKSEL

Maak 'n papierpatroon van opening aan bokant van mandjie. Knip 'n ovaal (of volgens fatsoen van mandjie) uit tussenvoering en twee ovale uit materiaal, elkeen 1 cm reg rondom groter as patroon.

Knip vir valletjie twee stroke uit materiaal elkeen 10 cm breed en lank genoeg om rondom mandjie te pas. Vou kort kante van elke valstrook om en soom. Vou dit dan oorlangs dubbel en stik 'n ry rygplooitjies met sterk garing na aan rafelrande. Plooi in, speld vas, ryg en stik ingeplooide rafelrande van valle aan regte kant van een ovaal vas, bring elke val rondom ronding van een helfte van ovaal (diagram 9) en los spasies tussen valle vir handvatsels van mandjie.

Knip vir bande vier materiaalstroke, elk 46 x 3 cm. Vou aan albei lang kante en een kort kant van elke strook 'n soompie om en stik teenaan kante. Werk bande aan valletjistuk vas (diagram 9).

Plaas valletjie-ovaal met regte kant na bo oor binnevoering en plaas dan ander ovaal met verkeerde kant na bo op-oop (diagram 9). Speld vas, ryg en stik al die lae op mekaar vas, maar los 'n opening. Dop om na regte kant, vou kante van opening na binne en glipsteek vas.



SKÊRSAKKIES

Hier is twee eenvoudige sakkies wat ontwerp is om jou geliefkoosde naaldwerksskêre te bewaar.

BENODIGDHEDE (Vir albei sakkies): 40 cm elk van bedrukte en effekleurige materiaal asook liggewig Terylene-watte, 91 cm breed; bypassende skuinsband; 60 cm koord; 2 drukknopies; metrieke grafiekpapier.

AANWYSINGS: Teken patroon op diagram 10 blokkie vir blokkie na vir groot of klein skêrsakkie (elke blokkie = 1 cm). Gebruik patroon om dele uit bedrukte en effekleurige materiaal en watte soos volg te knip: een agterkant (met volledige buitelyne van patroon), een voorkant, laat toe vir

soom al langs borand (stippel-en-streeplyn).

Stik voorste dele op mekaar vas (bedrukte en effekleurige stof met regte kante op mekaar en dan watte) slegs langs borand. Dop na regte kant om. Plaas gestikte voorste dele nou op agterkante (met watte tussen verkeerde kante van voering en buitenste materiaal). Ryg al ses lae rondom kante op mekaar vas en boor dan met skuinsband om (binnelyne op patroon dui stikselyne vir omboersel aan). Stik een rand van band vas, vou skuinsband om na ander kant en werk ander rand met die hand vas.

Knip 29 cm van koord af en werk punte aan binnekant van voorrand van sakkie vas. Werk drukknopies bo aan binnerand vas sodat agterkant aan voorkant toegeknip kan word.